12. Appèlle en Beswaarskrifte

12.1 RAPPORT DEPUTATE PRE-ADVIES OOR ONTVANKLIKHEID VAN BESWAARSKRIFTE (Art 33)

A. Ds HJP de Beer lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag

Die mandaat van die Regskommissie is om die Sinode te adviseer insake die ontvanklikheid van alle Appèlle (tov appèlle nuwe prosedure goedgekeur – Acta 2012:27, 2) en Beswaarskrifte (Acta 1991:540, E2).

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 *Werkswyse*

In die beoordeling is die volgende verreken:

Sinodebesluit 2012

5.1 *Die bevinding van Sinode 1994 dat daar twee moontlikhede van indiening van Beswaarskrifte is (2.7 en 4.1 van hierdie Rapport) gehandhaaf word met die gevolglike uitvloeisel dat dit (twee moontlikhede) in kerklike vergaderings so toegepas word.*

5.2 *Motivering*

5.2.1 *'n Beswaarskrif behoort verkieslik die weg van KO, art 33 te volg ten einde geleentheid aan die plaaslike kerk en meerdere vergaderings te bied om die beswaar(skrif) te behandel en indien nodig te verfyn en/of advies te gee oor die verdere verloop van die saak.*

5.2.2 *Sou 'n Beswaarskrif langs die weg van KO, art 33 nie die nodige ondersteuning ontvang nie, en die beswaarde/s nie die advies van die betrokke mindere vergadering kan aanvaar nie, kan die beswaarde/s steeds die Beswaarskrif by die vergadering wat die besluit geneem het vir oorweging indien.*

5.2.3 *'n Meerdere vergadering behoort by die beoordeling van ontvanklikheid van sake onder KO, art 46 die kerkordelike beginsels soos byvoorbeeld verwoord in KO, artt 30, 33, en 46 deeglik in ag te neem en daarteen waak om ongemotiveerd en op rigiede wyse sake onontvanklik te verklaar.*

5.2.4 *Hierdie werkswyse/prosedure verseker dat sake onder KO, art 46 op eie inhoud en meriete oorweeg sal word. (Acta 2012:23)*

Spesifieke aspekte nagegaan vir ontvanklikheid (Acta 2003:43, 3.2)

(a) Beswaar teen bestaande Sinodebesluit.
(b) Sinodebesluit korrek weergee.
(c) Gronde vir beswaar in eie woorde.
(d) Beswaar verreken KO, art 46.

2.2 *Oorsig oor Beswaarskrifte wat beoordeel is*

2.2.1 Beswaarskrif GK Krugersdorp oor besluit van Sinode 2009 "oor saak van die vrou".

2.2.2 Beswaarskrif GK Potchefstroom-Die Bult teen besluit van Sinode 2009 oor die vrou in die dienste van ouderlinge en predikant.

2.2.3 Beswaarskrif Gereformeerde Kerke Carletonville, Bet-El en Pretoria-Meintjeskop oor die besluit van Sinode 2009 – vroue in besondere dienste.

2.2.4 Beswaarskrif: Dr HF van wyk teen 'n besluit van Sinode 2012 – Lied 348.

2.2.5 Beswaarskrif: Ds PA Coetzee en dr HF van Wyk teen ’n besluit van Sinode 2012 – Lied 353.
2.2.6 Beswaarskrif Streeksinode Pretoria teen wysiging van KO, art 69.
2.2.7 Beswaarskrif GK Oos-Moot teen wysiging van KO, art 69.
2.2.8 Beswaarskrif GK Pinetown teen die besluit van Sinode 2012 rakende die prosedure vir KO, art 8 aansoeke.
2.2.9 Beswaarskrif Streeksinode Pretoria: Riglyne vir die beoordeling van Psalms en Skrifberymings.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.2.9 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

3.1 *Beswaarskrif GK Krugersdorp oor besluit van Sinode 2009 “oor saak van die vrou”*
3.1.1 Bevindings
3.1.1.1 Beswaar word aangeteken teen ‘n bestaande Sinodebesluit.
3.1.1.2 Sinodebesluit word korrek weergegee.
3.1.1.3 Beswaarskrif beskik oor beswaargrond/e in eie woorde.
3.1.1.4 Beswaar verreken KO, art 46.
3.1.2 Aanbeveling: Beswaarskrif ontvanklik.

Besluit: Punt 3.1 goedgekeur.

3.2 *Beswaarskrif GK Potchefstroom-Die Bult teen besluit van Sinode 2009 oor die vrou in die dienste van ouderlinge en predikant*
3.2.1 Bevindings
3.2.1.1 Beswaar word aangeteken teen ‘n bestaande Sinodebesluit.
3.2.1.2 Sinodebesluit word korrek weergegee.
3.2.1.3 Beswaarskrif beskik oor beswaargrond/e in eie woorde.
3.2.1.4 Beswaar verreken KO, art 46.
3.2.2 Aanbeveling: Beswaarskrif ontvanklik.

Besluit: Punt 3.2 goedgekeur.

3.3 *Beswaarskrif Gereformeerde Kerke Carletonville, Bet-El en Pretoria-Meintjeskop oor die besluit van Sinode 2009 – vroue in besondere dienste*
3.3.1 Bevindings
3.3.1.1 Beswaar word nie aangeteken teen ‘n bestaande Sinodebesluit nie maar teen ‘n gedeelte van ‘n Rapport waarvan die Sinode die aanbeveling van die Kommissie goedgekeur het om van die betrokke punt 10.16, waarvan 10.16.2 en 10.16.3 deel is, kennis te neem (Acta 2009:666, 12.10.3).
3.3.2 Aanbeveling: Beswaarskrif nie ontvanklik nie aangesien dit nie aan die eerste aspek vir ontvanklikheid (beswaar teen ‘n bestaande Sinodebesluit) beantwoord nie.

Besluit: Punt 3.3 goedgekeur.

3.4 *Beswaarskrif: Dr HF van wyk teen ‘n besluit van Sinode 2012 – Lied 348*
3.4.1 Bevindings
3.4.1.1 Beswaar word aangeteken teen ‘n bestaande Sinodebesluit.
3.4.1.2 Sinodebesluit word korrek weergegee.
3.4.1.3 Beswaarskrif beskik oor beswaargrond/e in eie woorde.
3.4.1.4 Beswaar verreken KO, art 46.
3.4.2 Aanbeveling: Beswaarskrif ontvanklik.

Besluit: Punt 3.4 goedgekeur.

3.5 *Beswaarskrif: Ds PA Coetzee en dr HF van Wyk teen ‘n besluit van Sinode 2012 – Lied 353*
3.5.1 Bevindings
3.5.1.1 Beswaar word aangeteken teen ‘n bestaande Sinodebesluit.
3.5.1.2 Sinodebesluit word korrek weergegee.
3.5.1.3 Beswaarskrif beskik oor beswaargrond/e in eie woorde.
3.5.1.4 Beswaar verreken KO, art 46.

3.5.2 Aanbeveling: Beswaarskrif ontvanklik.

Besluit: Punt 3.5 goedgekeur.

3.6 *Beswaarskrif Streeksinode Pretoria teen wysiging van KO, art 69*

3.6.1 Bevindings

3.6.1.1 Beswaar word aangeteken teen ‘n bestaande Sinodebesluit.

3.6.1.2 Sinodebesluit word korrek weergegee in die sin dat reeds gewysigde artikel soos weergegee in die Handelinge aangehaal word.

3.6.1.3 Beswaarskrif beskik oor beswaargrond/e in eie woorde.

3.6.1.4 Beswaar verreken KO, art 46.

3.6.2 Aanbeveling: Beswaarskrif ontvanklik.

Besluit: Punt 3.6 goedgekeur.

3.7 *Beswaarskrif GK Oos-Moot teen wysiging van KO, art 69*

3.7.1 Bevindings

3.7.1.1 Beswaar word aangeteken teen ‘n bestaande Sinodebesluit.

3.7.1.2 Sinodebesluit word korrek weergegee.

3.7.1.3 Beswaarskrif beskik oor beswaargrond/e in eie woorde.

3.7.1.4 Beswaar verreken KO, art 46.

3.7.2 Aanbeveling: Beswaarskrif ontvanklik.

Besluit: Punt 3.7 goedgekeur.

3.8 *Beswaarskrif GK Pinetown teen die besluit van Sinode 2012 rakende die prosedure vir KO, art 8 aansoeke*

3.8.1 Bevindings

3.8.1.1 Beswaar word aangeteken teen ‘n bestaande Sinodebesluit.

3.8.1.2 Sinodebesluit word korrek weergegee.

3.8.1.3 Beswaarskrif beskik oor beswaargrond/e in eie woorde.

3.8.1.4 Beswaar verreken KO, art 46.

3.8.2 Aanbeveling: Beswaarskrif ontvanklik.

Besluit: Punt 3.8 goedgekeur.

3.9 *Beswaarskrif Streeksinode Pretoria: Riglyne vir die beoordeling van Psalms en Skrifberymings*

3.9.1 Bevindings

3.9.1.1 Beswaar word aangeteken teen ‘n bestaande Sinodebesluit.

3.9.1.2 Sinodebesluit word korrek weergegee.

3.9.1.3 Beswaarskrif beskik oor beswaargrond/e in eie woorde.

3.9.1.4 Beswaar verreken KO, art 46.

3.9.2 Aanbeveling: Beswaarskrif ontvanklik.

Besluit: Punt 3.9 goedgekeur.

4. Slotopmerking

4.1 Die besluit rakende punt 6 van die *Rapport Deputate eenheid in verskeidenheid* (21.1) sal die verdere hantering van die ontvanklike Beswaarskrifte beïnvloed en sal moontlik eers afgehandel moet word voordat besluite oor verdere hantering geneem kan word.

Besluit: Kennis geneem.